

## WAT BEDOEL JY, JY IS WEER GEBORE?

*Hierdie boek mag gereproduseer word  
sonder die outeur of uitgewer se toestemming,  
op voorwaarde dat dit kosteloos uitgegee word en  
dit in inhoud volkome ooreenstem met die oorspronklike weergawe.*

Johann Grobler

Maart 2009  
Integrity Uitgewers  
Posbus 6721  
Westgate 1734

### **INLEIDING**

Sommige Christene beweer hulle is "wedergebore". Ander sê hulle is nie seker daarvoor nie en party sê hulle weet nie eintlik wat dit beteken nie. Party sê dit gebeur wanneer jy gedoop word, of wanneer jy in jou kerkdenominasie aangeneem of as lidmaat bevestig word. Dan is daar die wat sê dit is wanneer jy 'n sekere geestelike belewenis ervaar.

Daar is duidelik baie verwarring oor die onderwerp. Dit, nieteenstaande die feit dat Jesus gesê het dat tensy 'n persoon weer gebore word, sal hy die koninkryk van God nie sien nie (Joh. 3:3-5). Hoe kan dit wees dat daar soveel onkunde en wanopvatting is oor so 'n kardinale onderwerp?

Hierdie boek poog om die wanopvatting uit die weg te ruim en 'n duidelike en akkurate uiteensetting te gee van wat die wedergeboorte behels, asook hoe jy kan weet of jy weer gebore is. Hierdie boekie bevat van die belangrikste inligting wat jou lewe kan verander, as jy 'n oop gemoed het.

Die wedergeboorte is veel belangriker as 'n persoon se geboorte uit sy moeder se skoot. 'n Persoon se wedergeboorte is die belangrikste gebeurtenis in sy of haar lewe. Die implikasies daarvan is ewigdurend en so enorm, dat woorde nie naby daaraan kom om dit te beskryf nie.

Daar is 'n misterie gekoppel aan die wedergeboorte. Hierdie misterie is 'n geslote geheim; dit is iets wat net die Heilige Gees kan openbaar. Jy sal dit nie in boeke of ander se verklarings kry nie. Dit was nie eers bekend gemaak aan Moses, Abraham, David of enige van die profete nie, dit was alleenlik aan Paulus geopenbaar. Om hierdie misterie beter te verstaan moet ons iets van God se karakter en Sy plan vir die mens verstaan. En daarvoor moet ons teruggaan na die begin... In hoofstuk 1 begin ons met die begin...

## HOOFSTUK 1

### LANK GELEDE...

Lank gelede, was daar niks, behalwe God. Voor tyd bestaan het en voor enigiets geskape is, was daar net God - en God alleen. Hy is die Alfa en Omega, die begin en die einde (Openbaring 21:6).

Daar is vier eienskappe van God wat van die begin af en tot in ewigheid geldig is. Die eerste een is dat God in wese gees is (Joh 4:24). Daar is klaarblyklik geen materie, geen molekulêre onderdeel in God se wese nie. Hy is gees. Dit beteken nie noodwendig dat Hy geen vorm het nie. Die Bybel praat van 'n geestelike liggaam (1 Kor15:44) en met meld dat God liggaamsdele het: 'n arm, hand, rug, gesig, mond ensovoorts (Eks. 33:23; Jer. 21:5). God, wat die Begin en die Einde is, is gees. Dus is gees die hoogste vorm van bestaan. Maar as God gees is, dan is gees die hoogste vorm van bestaan. Materie en vlees is laer vorme van bestaan.

Die tweede eienskap van God wat ons in gedagte moet hou, is dat God drie-enig is: Vader, Seun en Heilige Gees. Die konsep van drie-enigheid is vir die mens 'n misterie, want daar is niks in ons lewenservaring waarmee ons dit kan vergelyk nie. God verander nie (Mal. 3:6) - van die begin af was Hy drie-enig. Tog ook is daar voorbeelde in die bybel wat God Homself na meer as een verwys, In Gen1:26 .... sê Hy kom **Ons** maak die mens na **Ons** gelykenis...en na Jesus se opvaarding het Hy langs die Vader gaan sit. Jesus het gese Hy weet nie wanneer Hy sal kom nie, net sy Vader weet Mark 13:32. Ons kan dus nie vir God in een wese/persoon wil beperk nie. Die drie-enig konsep kan eerder gesien word dat daar drie persone is maar hulle is geweldig verenig met mekaar, jy kan hulle nie skei van mekaar nie, hulle natuur is die selfde, en niks op die aarde of hemel het hulle natuur behalwe hulle self.

Die derde eienskap is dat God liefde is (1 Joh. 4:8). Die mens besing die liefde tussen 'n man en vrou en dit is die tema van vele lirieke, gedigte, romans en rolprente. Maar God was van die begin liefde en Hy is die bron van alle ware liefde (Rom. 5:5, Jak. 1:17). Ons kan byvoeg dat die liefde tussen mense (Grieks: phileo) nie op dieselfde vlak is as die onselfsugtige goddelike liefde (Grieks: agape) van God nie.

Probeer jouself die begin indink, toe daar net God was, die Een wat liefde is. As ons aanvaar dat daar 'n volmaakte liefdesband is tussen die drie "Persoonlikhede" van die Drie-eenheid, wil dit tog voorkom asof God se liefde so oorborrelend was (en steeds is) dat Hy sy volmaakte gehalte van lewe ook met ander wesens wou deel. Hierdie wesens sou deel wees van Sy huisgesin. Wesens wat Hy kon liefhê en wesens wat Hom sou liefhê tot in ewigheid.

God die Vader het die begeerte om sy huis in die hemel gevul liefdevolle kinders te vul. Vir die Woord (die Seun van God) was Sy begeerte primêr om die Vader te behaag, maar klaarblyklik ook om getroud te wees met 'n liefling vrou en die intiemste liefdesverhouding met haar te geniet. Baie soos die sprokiesverhale wat altyd eindig: "...en hulle het vir ewig en altyd gelukkig saamgeleef..." Die primêre funksie van die Heilige Gees is om 'n leermeester te wees, asook om gelowiges te bemoedig en die ongelowiges te oortuig.

Een ding is seker: as God liefde is en die bron van alle liefde is, is sy liefde oneindig sterker en meer intens as die diepste vaderliefde, moederliefde, romantiese liefde of huweliksliefde wat daar ooit op die aarde was en sal wees.

Die vierde eienskap van God is dat Hy lewe is. In Hom is lewe (Joh 1:1) en Hy is lewe (Joh 11:25). God die Vader het lewe in Homself en Hy het dit ook so beskik dat die Seun (Christus) ook lewe in homself het (Joh. 5:26).

God is die hoogste vorm van bestaan wat daar is. Die lewe wat God het, is die hoogste vorm van lewe. Ons kan in die natuur waarneem dat daar verskillende lewensvorme is. Die laagste vorm is dié van plante. Plante het geen bewussyn nie. Dan kom visse en voëls wat 'n mate van selfbewussyn en omgewingbewussyn het. Dan is daar diere wat tot 'n mate kan dink en wilsbesluite kan maak en dan kom die mens.

Die mens, wat na God se beeld gemaak is, is tans die hoogste fisiese lewensvorm op die aarde. Engele se lewensvorm is nog 'n trappie hoër as dié van die mens (Hebr. 2:7). Baie lank gelede, het God die hemel en die engele gemaak (Kol 1:16). Op daardie stadium was daar geen uitspannel met planete en sterre nie. Engele was nie geskape om soos robotte te wees wat geprogrammeer kan word nie. Die definisie van liefde vereis 'n keuse. Dus kan 'n robot nie liefhê nie (anders as wat in die rolprent Bicentennial Man uitgebeeld word).

Die toppunt van God se skepping was 'n engel met die naam Lucifer. Hy was 'n pragtige, briljante, skitterende gérub, bekleed met edelgesteentes. Hy was toegelaat om in God se tuin en op sy heilige berg te kom (Esegiël 28: 11-15).

Lucifer, wie se naam beteken seun van die more (Jes. 14:12), het toegang gehad tot God se intieme teenwoordigheid - totdat boosheid in hom gevind was, toe hy gedink het hy kan God onttroon (Esegiël 28:15; Jes. 14:13). As gevolg hiervan is Hy en sy volgeling engele uit die hemel uitgewerp.

Het God, wat vooruit kan sien, vooraf geweet dit sou gebeur'n Was dit bedoel om 'n illustrasie te wees vir dié wat God later by sy plan sou betrek'n Een ding was nou duidelik: die toppunt van geskape wesens kon nie vertrou word nie. Dus kon geen geskape wese vertrou word nie. As God kinders wou hê in sy woning wat tot in ewigheid getrou sou wees, sou dit iets anders as geskape wesens moes wees. Geen mens, geen geskape wese, kan God met sy eie werke behaag of beïndruk nie.

Satan was deur God geskape (al was hy nie as die Bose geskape nie). Engele is geskape wesens, en so ook Adam en Eva. Watter wesens is dan nie geskape nie'n Ons sal later daarby uitkom. Maar eers moet ons stilstaan by die aard van die deursnee mens.

## HOOFSTUK 2

### WAT IS 'N MENS?

Vir ons doeleindes is dit belangrik om die mens van naderby te beskou. Wat is 'n mens? Die eerste mens, Adam, is na die beeld van God geskape (Gen 1:26). Daar sal teoloë wees wat hieroor verskil, maar God het 'n vorm en 'n voorkoms, en as dit so is glo ons dat die mens se liggaam in ooreenstemming is met die vorm van God se voorkoms. Daar is egter nog 'n ooreenstemming met God.

God is gees. Anders as diere, het die mens ook 'n gees - om die waarheid te sê, die mens is 'n geestelike wese binne in 'n vleeslike liggaam. Ek het vir baie jare die mens as 'n tweeledige wese beskou: (1) gees/siel en (2) liggaam. Dit was gebaseer op die feit dat in die Ou Teatament word die twee begrippe oor en weer gebruik, asof dit dieselfde ding is. God het later my oë opgemaak om te sien dat progressiewe openbaring hier van toepassing is. Wat beteken dit'n Dit beteken dat God met verloop van tyd sekere waarhede openbaar en duideliker gemaak het aan latere skrywers van Bybelboeke. Paulus was veral een aan wie God sekere geheimenisse openbaar het (Gal 1:15-16, Kol 1:24-26).

In 1 Tes. 5:23 skryf Paulus:...**mag julle gees en siel en liggaam** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms... \* Die Ou Afrikaanse vertaling word in die boek gebruik, behalwe waar anders aangedui. \*

Hier word gees en siel onderskei en die mens se drie elemente saam in dieselfde sin genoem. Let op die volgorde waarin dit genoem word:

- (1) gees
- (2) siel
- (3) liggaam

Ons kom netnou terug hierna.

Die skrywer van die Brief aan die Hebreërs sê in 4:12: Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur **tot die skeiding van siel en gees...**

Weereens is daar 'n onderskeid tussen gees en siel. Die Woord is so skerp dat dit wel tussen die twee onderskei. In 1 Tes. 5:23 word die volgorde gegee van (1) gees, (2) siel en (3) liggaam. Die gees van die mens is die kern van sy menswees - die diepste deel van sy wese. Dit is by sy gees waar sy identiteit lê.

Die diepste bewussyn van die mens is potensieël gesetel in sy gees. Kyk na 1 Kor 2:11: Want wie van die mense weet wat in 'n mens is behalwe die gees van die mens wat in hom is.

As jy nog nie oortuig is van hierdie waarheid nie, lees verder want dit sal weldra duideliker word. Die drie komponente kan so voorgestel word:



Daar is een probleem wat betref die gees van die mens wat die hele mensdom raak. Kom ons kyk daarna.

### **HOOFSTUK 3**

#### **IN ADAM**

God het die mens so geskape dat hy nie 'n natuur van sy eie het nie. By sy skepping was Adam neutraal, in sy gees was nog geen natuur gebore nie. Hy het nie 'n goddelike natuur of 'n satan natuur gehad nie. Hy was so geskep dat hy vatbaar kon wees vir die aanneming van die natuur van God of die natuur van Satan. Daar was eintlik geen middeweg nie – nie eens ruimte vir 'n menslike natuur nie. Dit was óf die natuur van God óf die natuur van Satan wat vir die mens beskore was. In ooreenstemming met God se begeerte na liefdevolle kinders, nie robotte nie, het hy Adam vrye keuse gegee. Daar was een boom waarvan Adam nie mag geëet het nie, die boom van die kennis van goed en kwaad. Adam was ongehoorsaam en het die verbode vrug geëet, net soos God vooraf geweet het. As Adam eerder van die boom van die lewe geëet het, sou Hy ewige lewe ontvang het (Gen. 3:22).

Adam se sonde het geweldige implikasies gehad. Die dag wat hy die verbode vrug eet, sou hy sterf. So het God hom gewaarsku (Gen 2:17). Hoe kan dit wees? Adam het dan na die sondeval nog aan bly lewe tot die rype ouderdom van 930 jaar (Gen. 5:5). Het God 'n fout gemaak? Het hy van gedagte verander?

Nee, die waarheid is in Adam se gees is satan se natuur gebore, dus het Adam gesterf die dag toe hy satan gevolg het. Sy liggaam het nog bly lewe, maar die eintlike Adam, sy gees (waar sy identiteit opgesluit lê), was voortaan dood–

verwyder ver weg van God. Meer nog, satan was nou sy vader want wie ookal se natuur in die mens se gees gebore is, is sy vader. Dus het Adam satan se natuur aangeneem en satan is niks van God.


Die sonde bring die dood (Rom. 6:23) en omdat die hele mensdom uit Adam voortspruit (Hand. 17:26), is sy gevalle toestand en geestelike dood ook aan elkeen van ons oorgedra. Ons almal het in Adam gesterwe (1 Kor. 15:22).

Dis 'n moeilike konsep vir ons om te verstaan. Dit klink so onregverdig. Hoekom moet ons geblameer word vir wat Adam gedoen het? Die antwoord is dat ons nie daarvoor geblameer word nie. Meeste gelowiges dink sonde is die mensdom se grootste probleem. Baie dink dat die wat hel toe gaan, gaan omdat hulle gesondig het. **Dis nie heeltemal waar nie**. Hoekom nie? Want sonde is bloot 'n uiterlike manifestasie van 'n dieperliggende toestand. Ons is nie sondaars omdat ons sondig nie—ons sondig omdat ons sondaars is. Dit het te doen met ons toestand. 'n Hond is as hond gebore vanuit hond-ouers. 'n Kat is as kat gebore vanuit kat-ouers. 'n Gevalle mens is as gevalle mens gebore vanuit gevalle mens-ouers. Die klei kan nie vir die pottbakker sê: hoekom maak jy my so nie! (Jesaja 45:9). Onthou wie is ons vader toe ons gebore is, natuurlik satan. (In elk geval, soos ons later in die boek sal sien, God het ook op hierdie gebied 'n oplossing vir die probleem verskaf.)

Maar die probleem is nie soseer die sondes wat ek en jy gepleeg het nie. Hier is die probleem: Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het... (Rom. 5:12)

Die probleem is die toestand van rebellie en vyandigheid teenoor God, wat ons van Adam geërf het (Rom. 8:7-8). So kras as wat dit mag klink, ons het 'n Satan - natuur van Adam geërf (Joh. 8:44; 1 Joh. 3:8). Dit is die kern van die probleem - ons sondes is maar bloot 'n uitvloeiing daarvan. En daardie toestand is daarvoor verantwoordelik dat ons geestelik doodgebore is.

As ons weer kyk na ons skets van die drie komponente van die mens, dan is die kern van die mens se wese, die gees, met satan se natuur reeds in die mens se gees by geboorte.



Maar daar is 'n oplossing. Dis die wonderlike nuus! Ons kom nou daarby. Maar ek wil jou waarsku: die kans is goed dat dit nog nooit so aan jou verduidelik is, soos wat jy hierna gaan lees nie.

#### **HOOFSTUK 4**

#### **IN CHRISTUS**

God, die Vader hunker na liefdevolle lojale kinders in Sy huis. God kan op geen geskape wese staatmaak om vir ewig volmaak voor Hom te wees nie. Iets anders as 'n geskape mens moes uitgedink word. God word nooit onkant gevang nie. Hy het 'n plan uitgedink nog voor die grondlegging van die wêreld. Kyk na Efes. 1:3-4: Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seënige in die hemele in Christus, ... soos Hy [God die Vader] ons in Hom [Christus] uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom [God die Vader] in liefde te wees... (woorde in hakies en onderstreep bygevoeg deur outeur).

Hierdie gedeelte gaan nie oor die uitverkiesing van een groep mense bo 'n ander nie. Dit gaan oor die feit dat God dit vooraf beskik het dat die mens in Christus sal wees. Hierdie in-Christus mense/kinders sal in Sy huis woon.

Hulle sal "sonder gebrek", sonder tekortkominge en volmaak in liefde wees, vir ewig. As jy kyk na vers 5, dan sê dit dat dit ook insluit dat Hy dit vooraf beskik het dat ons sy eie kinders sal wees.

Lank gelede, waarskynlik na Lucifer se rebellie, maar voor die aarde gevorm is, het God so besluit. Hierdie voorafbepaalde plan staan vas, maak nie saak wat op die aarde, of in die uitspansel, of in die hemel gebeur nie.

Maar wat bedoel ons met "in Christus"? Aha! Hier kom ons by die groot geheimenis - 'n misterie! Hierdie uitdrukking of soortgelyke ekwivalent kom [meer as 200 keer](#) voor in die Nuwe Testament en meer as 140 keer verwys dit na die eenwording tussen Christus en 'n mens.

Vir God die Vader en vir Sy Seun is dit 'n uiters belangrike konsep. Weet jy wat was Jesus se laaste boodskap aan sy elf dissipels gedurende die Nagmaal voor Hy gevange geneem is? Dit was juis oor hierdie misterie:

In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle... (Joh. 14:20) Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Joh. 15:4)

Die betekenis van die boodskap het bo-oor die koppe van die die dissipels gegaan, want hierdie eenwording is 'n geheimenis wat God later deur Sy Heilige Gees aan een man sou openbaar.

Alhoewel Jesus verwys het na die geheimenis wat homself sou afspeel, moes Hy eers gekruisig word en dan uit die dood opstaan, voordat die geheimenis openbaar kon word. Hy was die Saad wat op die grond moes val en sterf voordat Hy vrug kon voortbring (Joh 12:24). Die geheimenis is daarna eers aan Paulus openbaar en na hom, aan gelowiges wat 'n honger ervaar het vir dieper insig.

Geen geskape wese kan 'n rol speel in die vervulling van God se plan nie. God moes iets van Homself neem en in mense plaas waardeur hulle blywend omskep sou word in 'n nuwe mensras met 'n Goddelike natuur. Dit was 'n besluit van God "volgens sy eie voorneme ... van ewigheid af" (2 Tim. 1:9) [Grieks: pro chronos - dit is letterlik voordat tyd begin het]. Dit was toe dat die tweede Persoon van die Drie-eenheid soos 'n lam geoffer is om op 'n kruis vermoor te word, sodat Hy in die mens kan wees en die mens in Hom (Hand 2:23, Openb 13:8). Net Christus in daardie persoon, kan deur God vertrou word.

Jesus was die eerste een wat die uitdrukking weer gebore gebruik het. In sy gesprek met een van die leiers van die Fariseërs, Nikodemus, het Jesus uit die bloute die onderwerp aangeroe:

...Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (Joh. 3:3)

Nikodemus was verstom. So sou ek en jy ook gewees het. Wie het al ooit gehoor van enige wese wat tweekeer gebore word? Dis absurd! Dit gebeur net eenvoudig nie! Nikodemus se reaksie was heeltemal normaal. Hy vra: hoe kan dit gebeur - 'n mens kan tog nie terug in jou ma se skoot ingaan nie? Jesus herhaal toe sy stelling en voeg by:



Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die gees gebore is, is gees.... Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die gees gebore is. (Joh. 3:6-8)

Jesus se antwoord het nie juis die absurditeit opgeklaar nie. Al wat mens daaruit kon neem was dat die wedergeboorte nie 'n vleeslike ding was nie, maar in die geestelike dimensie plaasvind en dat dit 'n onsigbare onverklaarbare verskynsel is, soos die wind wat wie weet waarheen waai. Dit was 'n misterie wat nog so sou bly totdat die tyd ryp sou wees vir God om meer daarvoor te openbaar. En die persoon aan wie God dit openbaar het, was iemand van wie mens dit die minste sou verwag het. Dit was die een wat apostel geword het, nadat hy Christene passievol vervolg het: Saulus wat later Paulus genoem is! Na sy bekering het God sekere diep waarhede - die kern van die evangelie van Christus- aan hom geopenbaar (Gal. 1:15-17). Hy skryf daarvoor in Kol. 1:27:

Die geheim is: **Christus leef in julle. Dit is die waarborg dat julle in die hemelse heerlijkheid sal deel.** (Nuwe Lewende vertaling)

As Christus in jou leef, kan jy deel word van die heerlijkheid van God se huis - dit is gewaarborg! Paulus het nooit die term wedergeboorte gebruik nie, maar hy het male sonder tal die uitdrukking in Christus gebruik om die eenwording tussen die gelowige en Christus aan te dui. Hoe werk dit? Wat het die eenwording met Christus, met die wedergeboorte uit te waai? Dit is waaroor die volgende hoofstuk gaan.

## 18 HOOFSTUK 5

### 'N NUWE MENS-RAS

Dit was nie die glinster in 'n man se oog nie. Dit was nie 'n drang wat woed in 'n man se vlees nie. Dit was geen mens se besluit nie. Dit was uit en uit die Vader se wilsbesluit om mense na Christus te trek (Joh. 6:44). Wanneer daardie persoon glo in die Here Jesus Christus, is dit die Vader wat die wedergeboorte laat plaasvind, waardeur hy 'n kind van God word. Dit is Hy wat dit inisieer.

... aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit ... uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. (Joh. 1:12-13)

Dis God die Vader wat die wedergeboorte inisieer. Die wedergeborene is uit God gebore (1 Joh. 2:29; 3:9). God plant sy onverganklike saad in daardie mens. Wat wil jy vir my sê dit is soos wanneer 'n mens verwek word? Net so. Behalwe dat hier die saad vanaf God die Vader kom en onverganklike saad is.

... want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. (1 Pet. 1:23)


Gebore uit onverganklike saad - die saad (Grieks: sperma) van God (1 Joh. 3:9). Dit is iets uit die hemelse en geestelike dimensie. Dit is iets wat nie oud word of ooit sal vergaan nie. Gebore deur die woord van God. Die Woord van God is Christus (Joh. 1:1). Elkeen wat weergebore is, het Christus ontvang. Ontvang waar?

Onthou wat Jesus gesê het'n Wat uit die gees gebore is, is gees. Die Heilige Gees leer ons nou dat die Gees van Christus (Rom 8:9) in jou gees gebore is (Joh 3:6). Maar wie die Here aanhang [met die Here verenig—1983 vertaling] is een gees met Hom.... julle gees wat aan God behoort. (1 Kor 6:17, 20).

Wanneer die spersmel van die man verenig met die kern van die lewelose eiersel in die vrou, word 'n nuwe lewe verwek. Net so by die wedergeboorte word Christus verenig met die kern van die mens se gees, satan se natuur word verwyder in sy lewelose gees, waar daar nou oombliklik 'n nuwe lewe verwek word.

Soos ons vroeër verduidelik het, die gees is waar die ware identiteit en diepste wese van die mens gesetel is. Dit is presies daar waar die verwekking van nuwe lewe plaasvind. Dit beteken 'n totale herskepping van nuwe lewe en 'n nuwe identiteit. Dis nie 'n kwessie van God wat mense verander of suiwer van sonde nie - dis 'n algehele vervanging van jou vorige natuur met Goddelike natuur (2 Pet 1:4). En net soos die saadvloeistof die "vervoermiddel" is vir die saad van die man, is die Heilige Gees die Een wat die wedergeboorte bewerk in die persoon se innerlike. Die Skrif leer ons dat die Heilige Gees by uitstek getuig, onderrig, tot geheue roep, en veral Christus aan ons openbaar. Hierdie funksies lê by die verstand (Engels: mind), waar die denke,gedagtes, wil en emosies gesetel is—m.a.w. die siel van die mens. En dis presies daar (by die siel) waar die Heilige Gees werksaam is. So lyk ons prentjie van die drie konsentriese sirkels nou:

Christus Saad  
En sy natuur



God, die Vader, volgens sy eie besluit, plant sy Saad in die kern van die persoon se wese, sy gees. Daardie persoon se gees, wat eers dood was met satan se natuur/gees, is nou gevul met nuwe lewe. Ek wil vra dat jy hieroor besin voor jy verder lees. Besef jy watter wonderwerk die wedergeboorte is? Jou wedergeboorte is die grootste oomblik in jou lewe op hierdie aarde - groter as jou troue, groter as toe jou eerste kind gebore is, groter as toe jy jou hoogste professionele kwalifikasie ontvang het. Wat is die effek van die wedergeboorte? 'n Totale nuwe lewe is verwek. **Al is elke ware Christen wedergebore, weet meeste nie wat die wedergeboorte behels**

en die implikasies daarvan is nie. Dit is die geboorte van iets nuuts. Dit is nie dat die persoon verander het nie, of opgegradeer of vernuwe is nie. Dit is die bonatuurlike geboorte van 'n nuwe mens-ras, 'n lid van die Christus-mens-ras. 'n Wese wat nie bloot deel is van Sy gewone skepping nie, maar deur geboorte verwek is deur God.

... iemand wat één is met Christus, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier. (2 Kor. 5:17—Nuwe Lewende Vertaling) Loop jy met skuldgevoelens rond? Is jy in die verlede mishandel? Dra jy letsels vanaf jou kinderjare? As jy wedergebore is, is dit alles van die verlede! Dit is oorgeneem deur iets wat baie gewigtiger is! Die wedergeboorte van die nuwe mens is 'n waterskeiding gebeurtenis. Jy is dan 'n kind van God die Vader omdat Hy jou verwek het en omdat Sy Eniggebore Seun één geword het met jou.


Dink daaraan ... God die Vader is jou nuwe Pa! Christus woon nou in jou, en daardie nuwe "Christus- mens" kan nie meer sondig nie! Elkeen wat uit God gebore is, Doen geen sonde nie, Omdat sy saad in hom bly; En hy kan nie sondig nie, Want hy is uit God gebore. (1 Joh 3:9) Dink daaraan: jy het Christus in jou! Jy het Hom in volheid in jou - nie net 'n gedeelte van Hom nie - dis 'n volledige Saad wat die lewe en natuur van God bevat (Kol. 2:9-10)! Soos Paulus gesê het: Ek is met Christus gekruisig, ... en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my... (Gal 2:20) Iets wat belangrik is, net Christus in jou maak jou volkome niks anders in hierdie lewe.

Die wedergebore gelowige kan nie meer sondig nie! Sy sondige natuur is vervang deur Christus se natuur. Maar ons vind steeds sonde by gelowiges! (Sien 1 Joh 1:8). Is daar 'n teenstrydigheid in die Skrif? Hier is die antwoord: Dit is nie die gelowige self wat sondig nie. Dis nie sy ware kernbestaan wat sondig nie, maar eerder die sonde wat nog in hom woon (Rom 7:17){oorblyfse van die satan natuur wat nog agter gebly het in ons siel}. In sy gees is nie sonde nie, want Christus wat nie kan sondig nie, is verenig met sy gees (1 Kor 6:17) en is sy enigste lewe (1 Joh 5:12). Waar woon die sonde dan? In die ander twee elemente van sy menswees: die siel en die liggaam. Kyk weer na die skets.



Dit is in die siel waar die eintlike stryd van die gelowige lê. Dis daar waar oorblyfsels is van verkeerde gedagtepatrone, gewoontes en "besoedeling" van ons vorige vader. Dis daar waar die Heilige Gees grootliks in werking is en dis daar waar die vernuwing van gemoed moet plaasvind (Rom 12:2). God is gees, Hy is liefde en Hy is Lewe. Die wedergeboorte is 'n liefdesdaad van God die Vader waardeur Hy die gelowige die hoogste vorm van lewe gee – God se eie oorvloedige lewe (Joh 10:10). Daardie oorvloedige lewe is niks anders as Christus self nie (Kol 3:3-4). Hy sal nie Homself forseer op jou nie, maar jy kan Hom vrywilliglik beheer gee oor jou hele menswees. Jy kan Hom toelaat om oor jou siel en liggaam te heers sodat Hy Homself kan uitleef en manifesteer deur jou innerlike en jou liggaam. Jy kan Hom laat regeer in siel en liggaam, en uit jou laat straal volgens jou unieke persoonlikheid. Ons dra altyd die sterwe van Jesus in ons liggaam saam sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.

...Al is ons uiterlike mens besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. (2 Kor 4:10, 16 - Nuwe Lewende Vertaling) Daardie spontane uitleef van Christus, is soos water wat uitborrel uit 'n fontein. (Joh 7:38). Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. Kyk na die skets:



Dit kan nie deur ons eie werke gebeur nie. Dit begin by God se ingryping in ons lewens deur die wedergeboorte. Die Skrif leer ons kan met sekerheid weet of ons wedergebore is – sien Rom. 8:16, 1 Joh 5:13). As jy onseker is of jy wedergebore is, al wat jy jouself hoef te vra, is: glo ek in Jesus as die Christus - dit wil sê as die enigste een wat my kan red (sien Hand 16:31, 1 Joh 5:1)? As jy sê ja, en dit opreg bedoel, is jy wedergebore. Prys die Vader!

Dan moet jy begin verstaan dat Christus in jou is en Hy jou enigste ware lewe is. Dan moet jy die Heilige Gees toelaat om Hom wat in jou is aan jou te openbaar, sodat jy Hom beter kan leer ken, asook die omvang van sy onpeilbare liefde. Laat die Heilige Gees deur Sy openbaring jou meer en meer die betekenis en implikasies van die misterie van die wedergeboorte insien en waardeur (Joh 14:20, Efes 3:14- 19).

Om hierdie openbaring van die Heilige Gees te ontvang sal ons moet die bybel bestudeer waar hierdie spesifieke boodskap net vir God se kinders geskrywe is. Met ander woorde ons moet net luister na preke wat gaan oor die wedergebore en die misterie (Rom 16:25)

[Aan Hom \(H/G maak ons vas in hierdie boodskap\) dan wat magtig is om julle te versterk volgens \*\*my evangelie\*\* en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, \(Paulus is die enigste apostel wat hierdie openbaring gekry het en hy noem dit sy evangelie\)](#)

Wat Paulus eindelijk se al die christene van vandag moet eindelijk net sy boeke bestudeer want net hy het die in Christus boodskap gepreek.

Alle eer en liefde aan ons Vader wie ons in Christus as Sy eie kosbare kinders verwek het, om in Sy huis in die hemel te woon. In Sy huis sal ons met volle blydschap saamverkeer met Hom, tot in ewigheid... (Efes 2:7).

\*\*\*

ANDER AANBEVOLE LEESSTOF OOR DIE ONDERWERP:

Christ Liveth in Me (boekie) – deur Warren Litzman

Christus Leef in My – deur Warren Litzman

Nicodemus and the Mystery of the Birthing – deur Warren Litzman

Free at Last! – deur Warren Litzman.

Sien [www.christ-life.org](http://www.christ-life.org)

#### **Meer Artikels**

#### **Meer besonderhede:**

Indien u so belangstel, as u op die volgende skakels klik kan u nog meer artikels lees wat handel oor die onderwerp "Christus in jou"

[Die Belangrikste Boodskap van God](#)

[Contrasts Between Law and Grace](#)

[You are rich!!!!!!](#)

[Our Spiritual Blessings in Christ](#)

[Translate from darkness](#)

[The story of the will and purpose of God](#)

[There is no you](#)

[Born-again Defined](#)

[Why Don't Churches Preach The Revelation of Jesus Christ??](#)

[Exchange Nature](#)

[See a illustration about a complete in Christ human being](#)

[The trinity man](#)

[Who lives in your temple](#)

[Nothing in Christianity Works Properly Without a Knowledge of a Birthing](#)

[Law and Grace : Mortal Enemies](#)

[Do We Follow Christ In You Or, Jesus of Nazareth, Outside of You?](#)

[Who Killed Jesus](#)

[There are 200 in Christ statements in the Bible](#)

[The Now and The Mystery](#) - baie belangrike artikel

U kan ook luister na "[The birthing](#)" deur Warren Litzman wat beskryf hoe en wat is die wedergeboorte - u sal hierdie "mp3 player" reg onderaan die bladsy kry.

Indien u meer boekie of klank disk's will bestel, klik op die volgend skakels:

Kontak Denise by lanceh@africa.com  
U Kan ook hierdie webtuiste besoekt [www.christ-life.org](http://www.christ-life.org)

Stuur hierdie e book aan al u vriende  
Peter Porter